

Uniale onderwyswetgewing onder Nasionale Partyregerings, 1948-1961

In die loop van die dertiger- en veertigerjare het faktore soos die depressie, die invloed van die Duitse romantiese nasionalisme en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n radikalisering in die politiek teweeg gebring en toe die ou NP (HNP) in 1948 onder leiding van dr D F Malan aan bewind kom, het die ideologiese onderbou aansienlik anders daaruit gesien as dié van 1924. Terselfdertyd het die party ook die bewind in verskeie provinsies oorgeneem, onder andere in die Transvaalse Provinsiale Raad na 'n verkiesing wat grootliks oor die taalmediumkwessie gegaan het. So het die nuwe Transvaalse Provinsiale Raad onverwyld 'n nuwe taalordonnansie (nr 19 van 1949) aanvaar, wat in werklikheid die situasie van vóór 1945 herstel het (vgl 6.4 hieronder). Enkelmediumskole het amptelike NP-beleid geword. Met die NP in die saal kon die Afrikaanssprekende sy stryd ter wille van moedertaalonderwys in alle provinsies behalwe Natal wen en voortgaan met die stigting van enkelmediumskole. Die konsolidering van die provinsies se onderwysordonnansies gedurende die vyftigerjare het hierdie beginsel opnuut vasgelê. Die oorwegend Engelssprekende Natal sou egter nog vir jare lank weerstand bied en het eers in 1969 moedertaalonderwys gemagtig. En daarmee is die stryd ten behoeve van moedertaalonderwys en enkelmediumskole (ten spyte van die terugslae met die provinsiale verkiesing van 1943) finaal gewen (Broodryk 1994: 141-51).

Uit inspekteursverslae het dit geblyk dat die gebruik van die tweede taal van sowel Afrikaans- as Engelssprekende leerlinge as bykomende medium in die jare ná die bewindsaanvaarding van die NP in al die

provinsies gaandeweg afgeneem het. Vanaf 1948 is die verpligte gebruik van die moedertaal as eksklusiewe medium tot stander agt in al die provinsies, buiten Natal (waar die ouers steeds die reg gehad het om die medium te kies) versnel. Uit 'n vergelyking van persentasies van leerlinge in 1932 en in 1958 het dit geblyk dat die neiging tot eentalige medium (veral ten opsigte van Afrikaans) op die sekondêre vlak vergroot het (Malherbe 1977: 108, 109, 110, 114; vgl ook Coetzee 1958: 319).

Verskeie ondersoeke na die stand van Engels as eentalige medium in skole het bogenoemde neiging bevestig, soos dié in 1953 van die Public Service Commission en in 1956 van die Education Research Bureau van die Transvaalse Onderwysdepartement (Malherbe 1977: 114). Die volgende tabel toon die verskuiwing in mediumgebruik op sekondêre skoolvlak aan (Malherbe 1977: 110):

Jaartal	Slegs Engels	Slegs Afrikaans	Engels en Afrikaans	Totaal
1932	51,2%	28,2%	20,6%	100%
1958	34,8%	62,4%	2,8%	100%

Terwyl Engels in die verlede die toonaangewende medium op sekondêre skoolvlak was, het Afrikaans ná 1948 toonaangewend geword, grootliks ten koste van die tweetalige medium. Vanaf 1958 het die neiging voortgeduur. Die gebruik van die tweetalige medium het gaandeweg verminder sodat dit teen 1970 as gevolg van regeringsregulasies grootliks uitgeskakel is. Dat die persentasie leerlinge wat Afrikaans as medium van onderrig ontvang het op sekondêre skoolvlak (62.4%) in 1958 groter was as die persentasie (58.1%) van die bevolking wat Afrikaans as moedertaal gehad het volgens die 1960-sensus, moet toegeskryf word aan die feit dat teen daardie stadium die gemiddelde Afrikaanssprekende gesin groter was as dié van die gemiddelde Engelssprekende gesin (Malherbe 1977: 110).

Vanaf 1948 is dit duidelik dat die skoolstruktuur van wit onderwys verander het en dat:

- die aparte eentalige skool waarin die enigste medium van onderrig die moedertaal van die leerling was die basis van die Suid-Afrikaanse skoolstruktuur geword het;

- die grootste groep Afrikaanssprekendes hul kinders na Afrikaans-medium skole gestuur het en dat daar 'n geleidelike vermeerdering was van die groepering leerlinge wat se medium van onderrig Afrikaans was; (vgl bv ook leerlinggetalle in Transvaal volgens Coetzee 1958: 319);
- daar 'n geleidelik vermeerdering was van leerlinge wat Engels as medium van onderrig gehad het, was en dat die Engelssprekende gemeenskap hul kinders na Engelse skole gestuur het;
- die groepering ouers wat hulle kinders laat onderrig het deur beide media betreklik klein was;
- daardie groepering leerlinge wat hul onderrig ontvang het deur medium van Afrikaans, 'n neiging getoon het om te verminder in die sekondêre skool, terwyl diegene wat hul onderrig ontvang deur medium van Engels 'n neiging getoon het om te verminder na standerd vier (Behr & MacMillan 1971: 63).

6.1 Kaapprovinsie

In die Kaapprovinsie is daar volgens wet en regulasies geen verskil tussen die twee amptelike tale gemaak nie, maar die praktiese deurvoering van die gelykheid is nie so sterk omlyn nie. In hierdie provinsie was daar dwang tot standerd ses wat die voertaal betref, naamlik die moedertaal, en daarna kon die ouers verlang dat die ander taal as medium geleidelik as tweede voertaal ingevoer word in ooreenstemming met die leerling se intelligensie (Coetzee 1952: 100).

Daar is reeds aangetoon (vgl 5.2 hierbo) dat op 'n inspekteurskonferensie in 1944 in die Kaapprovinsie besluit is dat, ten einde die peil van tweetaligheid in skole te verhoog en om in enige eksamen as geheel te slaag, ook in die tweede amptelike taal geslaag moet word: in die standerd ses-eksamen vanaf 1946 en tot die Junior Sertifikaat-eksamen vanaf 1948, die standerd nege-eksamen vanaf 1949 en die Senior Sertifikaat vanaf 1950. Slegs by uitsondering sou 'n kandidaat vrystelling hiervan ontvang (Coetzee 1958: 108, 109). Die resultate van die eksperiment wat die Superintendent-generaal van Onderwys (SGO) destyds volgens Ordonnansie nr 18 van 1944 gelas het, is afgelas met die instelling van die nuwe regering 'n jaar nadat die NP-regering in 1948 aan bewind gekom het. Die eksperiment moes bepaal

het wat die effek is op die eerste taal (die moedertaal) van die gebruik van die tweede taal as medium van onderrig, tweedens op watter stadium die tweede taal ingevoer moes word en laastens tot watter mate die tweede taal as medium van onderrig met die minste nadeel in elke klas gebruik kon word (Malherbe 1977: 99).

Agt jaar na die bewindsaanvaarding van die NP in die Provinsiale Adminstrasie het 'n nuwe taalordonnansie die lig gesien, naamlik Ordonnansie nr 20 van 1956. Artikel 182(1) bepaal dat die medium van onderrig tot en met die agste standerd en daarna (artikel 183(1)) Afrikaans of Engels moet wees na gelang van watter een die leerling die beste ken. Indien die leerling ewe taalbevoeg is in albei tale, kan die ouer 'n keuse uitoefen. Indien die ouer in gebreke daartoe bly, moet die hoofonderwyser 'n keuse maak; en voorts met dien verstande dat, by toelating van 'n leerling tot die sesde standerd, die ouer kan eis dat die medium van onderrig verander word as hy 'n sertifikaat voorlê wat verstrekk is deur die hoofonderwyser waar sodanige leerling in die vyfde standerd geslaag het, en mede-onderteken is deur 'n inspekteur van skole. Daar is voorsiening gemaak vir skole met parallelklasse (artikel 182(2)(a) en (b)) tot en met die vyfde standerd as in sodanige standers die leerlingtal minstens vyftien is en in die sesde, sewende en agste standers indien die leerlinggetalle minstens tien is. Andersins word taalbevoegde onderwysers by wyse van parallelklasse (waar die organisasie van die skool dit toelaat) aangestel. Volgens artikel 183(2)-(a) en (b) van dieselfde Ordonnansie word voorsiening gemaak vir parallelklasse bo die agste standerd (dit wil sê in die negende en tiende standers van 'n skool) as die totale leerlingtalle in elk van die twee taalgroepe minstens tien is; andersins by wyse van parallelklasse (as die organisasie van die skool dit toelaat) en anders by wyse van taalbevoegde onderwysers. Volgens artikel 184 kon die Departement ten opsigte van enige skool besluit dat net leerlinge wie se medium van onderrig Afrikaans of net Engels moet wees, daar ingeskryf word. Volgens artikel 185 word beide amptelike tale ingesluit onder die leer-vakke van elke leerling in elke standerd van 'n skool, tensy die Departement anders gelas. Ordonnansie nr 20 van 1956 het in Januarie 1957 in werking getree (Provinsie Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Raad 1956: 167, 168).

Vanaf 1957 het die twee amptelike tale asook wetenskap die enigste verpligte vakke vir die Junior Sertifikaat-eksamen gebly. In dieselfde jaar is 'n komitee aangestel om die probleme voortspruitend hieruit te ondersoek. Die aanbevelings van die komitee het as grondslag gedien vir 'n inspekteurskonferensie die volgende jaar. Op die Inspekteurskonferensie in 1958 is oor die gebruik van die eerste amptelike taal by die junior sekondêre kursus besin. In 1959 het die Primêreleerplan-komitee besluit dat ekstra tyd hieraan toegeken word. Dit is uiteengesit in die pamflet, *Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys (Deel I)*, wat in 1960 verskyn het (Du Toit 1970: 142, 143).

6.2 Vrystaat

Daar is reeds aangetoon dat die taalvraagstuk minder ingewikkeld in die Vrystaat was, deels vanweë die wit bevolking wat hoofsaaklik uit Afrikaanssprekendes bestaan het, en deels omdat die provinsie hom sedert die aanname van Ordonnansie nr 2 van 1912 konsekwent vir die beginsel van moedertaalonderwys beywer het. Dié Ordonnansie het moedertaalonderwys tot en met standerd vier verpligtend gemaak en daarna die keuse van die medium aan die ouers oorgelaat, hoewel die wenslikheid van moedertaalonderwys na standerd ses sterk beklemtoon is. Met Ordonnansie nr 15 van 1930 is verpligte moedertaalonderwys tot standerd ses verhoog. Vanaf standerd vyf is voorsiening gemaak vir onderwysers in albei amptelike tale en kon ouers van 'n leerling kies tussen een van die tale as enigste voertaal, of albei tale as voertaal. Dienooreenkomstig is vir enkel-, parallel- en dubbelmediumskole voorsiening gemaak. Hierdie Ordonnansie (nr 15 van 1930) wat onderwyswetgewing gekonsolideer het, het alle onderwys tot aan die einde van 1954 beheer (Coetzee 1958: 178). In die Direkteursverslag van 1932 is die bewering, ernstig bestry. Die eksamenuitslae van die dertigerjare het die bewering dat Afrikaanssprekende leerlinge al meer eentalig en Engelssprekende leerlinge al meer tweetalig word, geloënstraf. Hoogstens kon beweer word dat die standaard van Engels in die Vrystaat miskien nie altyd op peil was nie (Coetzee 1958: 178).

Van 1948 af, met die bewindsaanvaarding van die NP-regering, is tweetaligheid, hoewel wenslik geag deur die nuwe bewindhebbers, nie meer as die primêre doel van die onderwys beskou nie (Rose &

Tunmer 1975: 187). Die Vrystaatse Provinsiale Raad het aan 'n onderwyskommissie, onder voorsitterskap van W J Pretorius, opdrag gegee om alle aspekte van die onderwys in die Vrystaat te ondersoek en verbeterings aan te beveel om die doelmatigheid van die onderwysstelsel in veranderde landsomstandighede te verhoog. *Die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie* is in dieselfde jaar uitgebring (Coetzee 1958: 174; vgl ook Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951). Die filosofies-opvoedkundige mandaat (grondslag) van die Pretorius-kommissie was tweërlei van aard: dat “die Christelike beginsel in onderwys en opvoeding erken, openbaar en gekweek moet word, ten einde by die leerlinge 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel”, en tweedens, “[d]at die handhawing van [...] die nasionale beginsel [...] die uitgesproke beleid van die Vrystaatse Provinsiale owerheid moet wees” (Coetzee 1958: 187; vgl ook Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 15-28).

Hoewel die Pretorius-kommissie in sy verslag van die beginsel uitgegaan het dat tweetaligheid nooit 'n einddoel van die opvoeding kan wees nie, is die deeglike kennis van die tweede taal vir elke leerling en dus elke toekomstige burger in 'n tweetalige land sterk beklemtoon. Voor 1954 het onderwysordonnansies bepaal dat voldoende voorsiening in die tweede amptelike taal gemaak moet word en dat dit aan 'n leerling onderrig moet word, tensy die ouers van leerlinge dit anders verlang. In die praktyk het ouers van leerlinge in die Vrystaat nooit versoek dat hul kinders in die tweede taal onderrig moet word nie. Buitendien het die regulasies vir die Junior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens hier bepaal dat kandidate albei amptelike tale vir die eksamen moet aanbied. Op grond van die praktyk, soos veral uit eksamenuitslae geblyk het, en op grond van die uitsprake van opvoedkundiges, het die Pretorius-kommissie aanbeveel dat: 1) enkelmediumskole die beleid van die provinsie sal wees; 2) die voertaal van elke leerling vir al die standerds van 'n openbare of privaat ondersteunde skool tot en met standerd ses, die moedertaal van die leerling sal wees. Die Pretorius-kommissie, oortuig van die belangrikheid van “'n natuurlike taal”, het aanbeveel dat die Departement planne beraam om die grootste moontlike getal leerlinge te oorreed om 'n derde taal (ook die Klassieke tale en Duits) in hul studiekur-

susse in te sluit (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 85, 86, 243; vgl ook Coetzee 1958: 179).

Die Vrystaatse Provinsiale Raad het egter verder gegaan en deur middel van Ordonnansie nr 16 van 1954 vasgelê dat die voertaal vir 'n leerling in al die standerds tot en met standerd agt die moedertaal moet wees. Volgens artikel 50(1) en (2) was die moedertaal van die leerling die amptelike taal wat die hoofonderwyser bepaal het en wat die leerling die beste praat en verstaan; met dien verstande dat indien na die mening van die hoofonderwyser, die leerling ewe bekwaam is in albei amptelike tale of nie een van die amptelike tale kan praat of verstaan nie, die ouer kan bepaal welke amptelike taal die huistaal (moedertaal) van die leerling moet wees. Die Direkteur kon vrystelling hiervan volgens artikel 50(2) verleen. Voldoende voorsiening vir onderrig deur middel van albei tale sou volgens artikel 19(2)(a) en (b) geskied by wyse van enkelmediumskole waarin een van die amptelike tale die enigste voertaal is en parallelklasse in volks- en middelbare skole waar die getalle in die skool dit regverdig. Parallelmediumskole sou volgens artikel 49(3) ook voortbestaan net solank as wat die skoolrol dit regverdig en dit kon selfs deur die Administrateur na raadpleging met die betrokke kommissie en raad of met die betrokke beheerraad, in enkelmediumskole geskied. Artikel 51 het bepaal dat voldoende voorsiening aan openbare en privaatskole vir die onderrig van beide amptelike tale gemaak word en dat elke leerling aan sodanige skool, tensy die Direkteur vrystelling verleen het, onderrig in albei tale ontvang (Oranje-Vrystaat Provinsiale Raad 1954: 41-3; vgl ook Coetzee 1958: 178, 179).

6.3 Transvaal

Daar is reeds aangedui (vgl 5.3) dat die instelling van Ordonnansie nr 5 in 1945 negatiewe reaksie van onderwyskundiges, politici en ouers ontlok het. Deur genoemde Ordonnansie is die reg van ouers om 'n keuse uit te oefen, nie in die Transvaalse skoolsisteem erken nie, is die moedertaalmedium van standerd vier na standerd vyf verhoog, en is 'n verpligting van dubbelmedium na standerd vyf in alle skole ingestel. Die wysigings wat twee departementele kommissies van 1946 en 1947 voorgestel het, is nie deurgevoer nie. Reeds ses jaar vantevore het die Nicol Onderwys-kommissie bevind dat indien twee taalgroe-

perings in een skool saamgevoeg word, een kultuur oorheers sal word deur die ander. 'n Minderheidsverslag het toe aparte skole vir die onderskeie taalgroepe aanbeveel (Behr 1978: 26; vgl ook Heyns 1984: 332). 'n Ad hoc-komitee wat in 1948 aan die Transvaalse Provinsiale Raad verslag moes doen oor die instelling van dubbelmediumonderwys, het verder bevind dat die kennis van die tweede taal van leerlinge onvoldoende was vir eksamengebruik teen die einde van die primêre periode. Die standaard van die aanleer in daardie vakke wat deur medium van die tweede taal onderrig word, het afgeneem, terwyl daar 'n verlies van belangstelling was in vakke wat bestudeer word en 'n antipatie ontstaan het teenoor die tweede taal.

These are crystal clear findings which confirm the apprehensions of the Afrikaner. The dual-medium Ordinance [...] did not attain its goal, namely bilingualism: even worse, it worked against its own purpose. It lowered the educational standard in the other language and its subjects (Shingler 1973: 131; vgl ook Pells 1954: 107, 108).

Die Provinsiale verkiesings van 1948 in Transvaal het grotendeels op Ordonnansie nr 5 van 1945 gefokus. Na die oorwinning van die NP is hierdie ordonnansie byna onmiddellik verander. Die aanstelling van dr William Nicol as Adminstrateur en die invloed van politieke gebeurtenisse in Transvaal, soos onder andere die onthulling van die Voortrekkermonument in 1949, het veranderinge in die skoolwese, veral die besluite oor taal, meegebring (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 314-5). Die beginsel van aparte Afrikaans- en Engels-mediumskole het amptelike NP-beleid geword (Behr 1978: 26).

Ordonnansie nr 19 van 1949, die nuwe ordonnansie, het die volgende wysigings tot gevolg gehad ten opsigte van taalbesluite:

- Behoudens sekere uitsonderings sal die voertaal van elke leerling in alle standerds tot en met standerd agt die moedertaal van die kind wees (daar rus dus 'n verpligting op ouers van kinders in openbare en privaatskole om hulle te skik na regeringsbeleid).
- Die moedertaal van 'n kind word vasgestel deur die skoolhoof wat deur die Inspekteur gekontroleer word: die Direkteur kan die moedertaalmedium alleen wysig as die kind werklik tweetalig is, terwyl die Adminstrateur dit op ander gronde ook kan doen. Die ouers kan teen die beslissing van die hoofonderwyser 'n beroep doen op die Inspekteur en daarna op die Direkteur van Onderwys.

Die beslissing van die Direkteur is finaal.

- Daar is geen mediumverpligting by die opleiding van onderwysers nie, maar tweetalige onderwysers sal by indienstreding 'n geldelike bonus toegeken word. Daarby sal leerlinge wat in hul Senior Sertifikaat-eksamen in altwee tale presteer 'n beurs ontvang vir verdere studie aan 'n opleidingskollege. Die kardinale verskil tussen die Ordonnansies van 1945 en 1949 is dat die 1945-Ordonnansie verpligte dubbelmedium vereis en die 1949-Ordonnansie verpligte enkelmedium (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 318, 319; Malherbe 1977: 109; Pells 1954: 128).

Reeds met die vasstel van die moedertaal het onduidelikheid bestaan, veral by privaatskole wat die bepalings ontduik het. 'n Saak is aanhangig gemaak en die hofuitspraak in 1950 het die reg van die skole gehandhaaf. Daar is geappelleer teen die uitspraak. In Junie 1952 het die Appèlhof egter beslis dat hierdie Ordonnansie nie in stryd is met artikels 85(iii) en 137 van die Unie Grondwet nie wat die sorg van primêre en middelbare onderwys aan die provinsies opgedra het. Indien die provinsiale owerheid volgens artikel 85(iii) beslis dat die moedertaalmedium die doeltreffendste is, dan moet sowel privaat as openbare skole vir leerpligtige kinders hulle daaraan onderwerp. Die prosedure betreffende die vasstelling van die moedertaalmedium is deur middel van die Onderwysordonnansie van 1953 vereenvoudig en die gevalle waaroor besluit moes word, het drasties verminder (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 319; Pells 1954: 108; Malherbe 1977: 113).

Ter ondersteuning van die hofuitspraak wys Coetzee (1958: 319) daarop dat die peil van onderrig in die tweede taal op standaard was. Hy wend 'n inspektorsverslag van 1952 aan wat na die kwaliteit van onderrig in die twee tale ondersoek moes instel en oor die metodes aangewend om die regte peil in die tweede taal te behaal. Die verslag was gunstig, asook die twee verdere verslae, in 1953 en 1954, wat van vooruitgang in die tweede taal getuig het (Coetzee 1958: 319).

Indien die totale leerlinggetalle van die wit taalgroepe vergelyk word in Transvaal met die instelling van die onderskeie ordonnansies (in 1946 en in 1949) was daar opmerklike verskille. Daar is reeds aangetoon (vgl 5.4 hierbo) dat in die laaste vier jaar van VP-regering in Transvaal met die inwerkingtrekking van Ordonnansie nr 5 in 1946

(tot 1948) daar 'n gemiddelde styging van die totale aantal leerlinge met 7.9% was. Hiervan verteenwoordig die Afrikaanssprekende leerlinge 'n styging van 3.9% terwyl daar 'n verlies van 4.2% vir Engelsprekende leerlinge was. Met die instelling van Ordonnansie nr 19 van 1949 (dus vir 'n periode van 6 jaar vanaf 1948 tot 1954) het leerlingtalle in albei taalgroepe in vergelyking met die vorige tydperk noemenswaardig gegroei, 'n punt wat deur Behr & MacMillan (1971: 63) oor die algemeen vir die Unie bevestig is (vgl 6.1 hierbo). Die gemiddelde styging in hierdie tydperk vir Transvaal was 29.1%. Hiervan het die Engelsprekende leerlinge 'n vermeerdering van 30.4% (24 627) getoon, terwyl die Afrikaanssprekende leerlingtalle met 28.6% (52 335) gegroei het.

Ordonnansie nr 19 van 1949 het geldig gebly tot die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr 29 van 1953 wat die volgende jaar in werking getree het. Die klousule wat onderrig van die moedertaal tot en met standerd agt vereis, is ook in die 1953-ordonnansie vervat. Dié Gekonsolideerde Onderwysordonnansie (nr 29 van 1953) het 'n verdere bepaling bevat, naamlik: indien die minderheidstaalgroep 100 leerlinge by 'n parallelmediumskool bereik, moes 'n aparte enkeltalige skool gestig word vir die minderheidsgroep mits die ouers dit verlang. Dié Ordonnansie het die einde van die sisteem van parallelmediumskole beteken. In gevalle waar die moedertaal van die leerling in dispuut was, het die Direkteur van Onderwys 'n keuse gedoen. Indien die ouers van die leerling betrokke, ontevrede was, kon hul verhoër tot die Administrateur rig wat die finale seggenskap gehad het (Behr 1978: 26). Die tweede taal moes in alle primêre skole vanaf die eerste graad, dit is die substanderds opwaarts, onderrig word. In die grade (vir die eerste twee jaar van onderrig) moes die aanleer van die tweede taal beperk wees tot resitasie en spraak. In standerd een kon 'n aanvang geneem word met lees en skryf in die tweede taal (Behr 1978: 26; vgl ook Barnard 1979: 154).

6.4 Natal

In Natal was Engels steeds die meer begunstigde taal as vak en as voertaal. Soos reeds aangedui (vgl 4.5 hierbo) het die provinsiale owerheid geen dwang uitgeoefen wat die voertaal betref nie. Die voertaal van elke leerling in elke staatskool vir wit leerlinge is die amptelike

taal wat die ouers as sodanig kies. Verder moes die minderheid op die primêre en die sekondêre skool, as hulle aantal onder vyftien leerlinge is, die voertaal van die meerderheid volg. Indien die ouers geen keuse uitoefen nie, moes die kind onderrig word in die taal wat hy die beste ken en verstaan. Wat die onderrig van tale self betref, moes elke leerling bo standard twee in alle staatskole vir wit en bruin mense in albei tale onderrig ontvang, met dien verstande dat in skole vir wit leerlinge minstens twee en 'n half uur en hoogstens vier uur per week aan die taal wat nie as voertaal gekies is nie, gewy word. Verder moes elke leerling minstens 'n halfuur en hoogstens een uur per week onderrig in ander vakke as die taal ontvang deur middel van die ander taal (Coetzee 1952: 100).

Die toepassing van Ordonnansie nr 23 van 1942 waarin neergelê is dat minstens 'n halfuur per dag vanaf standard twee deur medium van die tweede taal bestee word, het destyds kritiek opgelewer vanweë 'n skaarsheid aan geskikte onderwysers. Die kritiek het teen 1948 meer uitgesproke geword. Hierdie artikel (artikel 12(2)) van die Ordonnansie het vir die eerste maal van toepassing op middelbare klasse geword. In laasgenoemde gevalle was dit selde moontlik dat 'n ander deel van die leerplan vir die voorgeskrewe tydperk deur medium van die tweede taal gedoseer kon word sonder om eksamenvakke in die gedrang te bring. Die meeste sekondêre skole het as 'n groep minder welslae behaal as die primêre skole. Die uitwerking van artikel 12(2) is gedurende 1949 deeglik ondersoek. In 1949 is die mening uitgespreek dat die tweede taal beter geleer word wanneer dit in alledaagse sake gebesig word as wanneer dit as vak geleer moet word. Om hierdie rede is daar toe aanbevelings gedoen dat artikel 12(2) van Ordonnansie nr 23 so gewysig word dat dit die voordele van dubbelmediumonderwys behou en terselfdertyd die nadele (wat aan die lig gekom het) vermy (Coetzee 1958: 245).

Ten gevolge van hierdie aanbevelings is 'n Wysigingordonnansie (nr 10 van 1950) deur die Natalse Provinsiale Raad aangeneem. Die uitwerking hiervan was dat alle aangeleenthede ten opsigte van die gebruik van die tweede taal wat nie as voertaal gekies is nie, by wyse van die regulasies behandel moes word. Hierdie regulasies kom daarop neer dat addisionele tyd aan die onderrig van hierdie vak bestee moet word. Die manier waarop hierdie bykomende tyd aangewend

moet word, is ook voorgeskryf. Genoemde regulasies is in 1951 in werking gestel, en die gevolge sou gemonitor word (Coetzee 1958: 244, 245).

In 1950 het die Uitvoerende Komitee sy sienwyse omtrent die voertaalvraagstuk geformuleer. Die Komitee het in beginsel sy teenkating teen enige wysiging van die Ordonnansie betreffende die uitsluitlike gebruik van Engels of Afrikaans as voertaal op skool herbevestig. Met die oog op die versekering wat ten tye van hul oorname deur die staat in 1918 aan sekere Duitse skole gegee is, is besluit dat Duits nog aan sekere skole tot in standerd twee as voertaal gebruik en bo standerd drie as taal onderrig mag word, maar dat enige skool se reg in hierdie opsig sal verval wanneer Duitssprekende kinders minder as 33% van die aantal leerlinge op die rol is (Coetzee 1958: 246).

Die verpligte klousules wat gehandel het oor dubbelmedium is uit Ordonnansie nr 10 van 1950 gelaat en die gebruik van die tweede taal as medium is bepaal deur regulasies wat groter bewegingsvryheid verleen het aan skoolhoofde en ouers in individuele gevalle wat betref die medium (Malherbe 1977: 108).

6.5 Swart onderwys

Daar is reeds aangedui dat onderwys van swart mense (“Bantoe-onderwys”) in 1910 met Uniewording onder die beheer van provinsiale besture geplaas is en hoewel die Unieregering later die finansiering oorgeneem het, het die provinsiale regerings die beheer daarvoor behou tot 1953. Kontrole van swart onderwys was tot 1850 die uitsluitlike verantwoordelikheid van sendinggenootskappe, daarna tot 1925 sou kontrole deur sendinggenootskappe volg met gesamentlike erkenning en subsidiëring deur die owerhede; tussen 1926 en 1945 sou gesamentlike kontrole deur provinsiale besture en die Uniedepartement van Naturellesake volg; gesamentlike kontrole tussen 1946 en 1954 berus by die provinsiale regerings en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Van Zyl 1972: 150).

Voor 1910 is nêrens eksplisiet uitgestippel wat die bedoeling van die outoriteite was met die onderwyssisteem van die swart kind nie. Bantoe-onderwys is as integrale deel van algemene “Bantoebeleid” geformuleer en onderwys is alleenlik beskou as van belang in soverre

dit die beleid bevorder. Nooit egter voor 1910 is die onderwys van die swart kind self as doel aangestip nie. Hoewel Bantoe-onderwys ná 1910 op 'n gesonder grondslag geplaas is, het die verskille in die provinsies voortgeduur en die onsekerheid omtrent die doelstellings was deel van die probleem/sisteen. In die dertigerjare was daar nog nie eksplisiete doelstellings met swart onderwys nie. Die Interdepartementele Komitee insake Bantoe-onderwys (Welsh-kommissie) (vgl 4.6 hierbo) in 1936 was verplig om die onduidelikheid hieromtrent as die vernaamste rede voor te hou waarom daar nie vinniger vordering in Bantoe-onderwys ná 1910 was nie. Daarby was die kompleksiteit van die saak 'n bydraende faktor vir die agterstand in Bantoe-onderwys omdat dit sowel 'n politieke as 'n ekonomiese probleem was (Van Zyl 1972: 108).

In die jare voor 1948 was die uitgangspunt van owerheidsweë af dat die swart kultuur hom by die Westerse ekonomiese en politieke sienswyse moes aanpas. Dit het in die onderwys gemanifesteer as 'n algemene gebrek aan differensiasie (bv leerplanne en skoolsisteen) tussen wat aan wit en aan swart leerlinge gegee is (Van Zyl 1972: 113, 114). Met die bewindsaanvaarding van die NP is die onsekerheid omtrent die doelstelling in Bantoe-onderwys uiteindelik opgeklar. Dit was vir die NP-regering duidelik dat die uitbreiding van Bantoe-onderwys op die Afrikaner (teenoor Afrikaanssprekende) se Christelike Nasionale Onderwysdenkrigting gebaseer moes word. Anders as in die sendingskole waarin 'n amptelike taal die swart moedertaal as onderwysmedium na die eerste drie of vier jaar vervang het en waar Engels oor die algemeen in die sekondêre skole as medium gebruik is (Horrel 1963: 41), propageer die CNO-gedagte die swart moedertaal as medium van onderrig in alle primêre en sekondêre skole. Volgens dié denkrigting van destyds (Van Zyl 1972: 121, 123, 130) “leer [...] Afrikaner Calvinisme God-geordende rasse-ongelykheid saam met die begrip van Blanke voogdyskap”. Hiervolgens sou die Westerse tipe onderwys wat deur kerkgenootskappe destyds vir swart skole ingevoer is, ongeskik wees vir die swart leerling. Hierdie opvatting het gelei tot die formulering van 'n afsonderlike program van Bantoe-onderwys en dit is gestuur langs die lyne van apartheid — die term wat gebruik is om etniese segregasie aan te dui (Van Zyl 1972: 117; vgl

ook Shingler 1973: 284). Ten einde dié doelstellings ten uitvoer te bring, moes Bantoe-onderwys deur die staat beheer en beplan word.

Buiten die uitbreiding en vestiging van die swart moedertaal het die missie van die Afrikaner ideoloë (reeds vanaf die dertigerjare) ook die vestiging van Afrikaans in swart onderwys insluit (Nel 1942: 92). Een van die eksponente van dié ideologiese doelstelling, prof B F Nel, het in 1942 die idee voorgestaan dat moedertaalonderrig nie alleen streng toegepas moet word in swart skole nie, maar dat Afrikaans (wat as taal in Afrika ontwikkel het en wat dus kultureel en ekonomies aangepas is by die behoeftes van die swart mense) die “tweede taal” van swart onderwys moet wees (Nel 1942: 107). Na die bewindsoorname van die NP-regering in 1948 het die FAK, wat volgens Hartshorne (1986: 89) noue bande gehad het met die Broederbond, op ’n volkskongres ’n beleid van die CNO geformuleer en wat deur die INCO (die Instituut vir Christelike-Nasionale Onderwys) aanvaar is. Artikel 15 van die verklaring wat handel oor swart onderwys het onder meer die volgende bevat:

[A]ny system of teaching and education of natives must be based on these same principles (trusteeship, no equality and segregation), [...] must be grounded in the life and worldview of the Whites, most especially those of the Boer nation as the senior white trustees of the native [...who] must be led to an independent acceptance of the Christian and National principles in our teaching [...] the mother tongue must be the basis of native education and teaching but the two official languages must be taught as subjects because they are official languages and [...] the keys to the cultural loans that are necessary to his own cultural progress (vgl ook Van Zyl 1972: 130; Shingler 1973: 278).

Binne ’n betreklike kort tyd het onderwysinstellings wat nie gesluit het gedurende die oorname van sendinggenootskappe deur die staat nie, onder die beheer, soos Hartshorne dit stel (1986: 90, 91) van “wit Afrikaner Nasionalistiese-beginsels” (CNO) gekom en het Afrikaans die dominante taal in swart onderwys geword, veral op die vlak van bestuur, kontrole en administrasie (vgl ook Van Zyl 1972: 135). Van owerheidsweë af was die besorgdheid aanvanklik tweërlei van aard: Eerstens moes die praktiese toepassing en die ontwikkeling van die swart moedertaal asook die gebruik van Afrikaans neerslag in die taalbeleid van die swart skole vind. Tweedens was die uitgangspunt dat die invloed van Engels wesentlik verminder moes word. Die

taalmedium aan swart onderwyskolleges het dus onder skoot gekom (Hartshorne 1986: 91) (vgl 6.7.2). Volgens Hartshorne

[t]he educational interests of the pupils were not regarded as paramount, but were subservient to ideological and political factors that were concerned with White interests and in particular the maintenance of Afrikaner Nationalists domination in the fields of politics and education.

Wanneer die tydperk 1910-1953 in oënskou geneem word, is heelwat gebreke in die swart onderwys opmerklik. Die staat, hoewel dit Bantoe-onderwys gesubsidieer het, het feitlik geen beheer daarvoor gehad nie; die provinsies, hoewel hulle die fondse uitgedeel het, het nie toegesien dat sendinggenootskappe die beste gebruik daarvan maak nie. Fondse wat voorsien is, was hoegenaamd nie toereikend nie en dit het beide die kwaliteit en kwantiteit van die swart onderwys gestrem. Die administrasie van Bantoe-onderwys was verdeel tussen die staat, provinsies, sendelinggenootskappe en die gemeenskappe self. As logiese uitvloeisel van die nuwe tydsgees en ten einde die verwar- ring in Bantoe-onderwys uit die weg te ruim deur beginsels en doel- stellings vir swart onderwys te formuleer, is die Kommissie op Bantoe- onderwys in 1949 ingestel onder voorsitteskap van dr W W M Eiselen (Van Zyl 1972: 69; vgl ook RGN 1981: 44; Malherb 1977: 545). Die belangrike Eiselen-verslag sou in die jare daarna die bloudruk vir swart onderwys vorm.

Die Eiselen-kommissie se mandaat was betekenisvol: die Kom- missie moes uitsluitel gee oor “education for Natives as an independent race”, terwyl in ag geneem moet word “their inherent racial qualities, their distinctive characteristics and aptitude, and their needs under ever changing social conditions”. Dit is belangrik om daarop te let dat die Kommissie van die veronderstelling uitgegaan het dat daar on- derskei moet word tussen swart en wit mense. Wat die taalaange- leentheid betref, dien die Eiselen-mandaat vermelding:

Literacy in a Bantu language both as a means of communication and of calculation, and as a vehicle for the preservation of pride in national traditions [...] Literacy in one, or preferably, both European official languages to serve as a means of communication with Europeans [...]” (Rose & Tunmer 1975: 244, 251; vgl ook Helm 1979: 184; Beh 1988: 32).

Dié Kommissie het vir twee jaar gesit (die verslag het in 1951 verskyn as *Report of the native education commission, 1949-1951* (UG 53/1951)). Meer as 500 individue en liggame is geraadpleeg, maar het eventueel, volgens Hartshorne (1986: 89) “it reported in terms of its own ideological stance and disregarded the weight of evidence from African witnesses”. Ter motivering van hierdie houding het die Kommissie self verklaar:

We realise that in this connection we will have to face grave difficulties and that the public opinion, especially among the Bantu, is to a large extent still unenlightened, and that it would consequently possibly be hostile to any drastic change in the use of the medium of instruction (Hartshorne 1986: 89).

Die hoofaanbevelings van die Eiselen-kommissie was die volgende:

- Alle onderwys sal deur medium van die moedertaal geskied vir die eerste vier jaar en hierdie beginsel sal jaarliks progressief uitgebrei moet word na die hele primêre skool.
- Om die probleme voortspruitend uit ’n gebrek aan wetenskaplike begrippe en ’n swak ontwikkelde numeriese sisteem in die Afrika-katale op te los, is terminologiekomitees aangestel wat handleidings vir onderwysers moes opstel. Daarna word moedertaalonderrig geleidelik ingestel in die sekondêre skool; waar onderwysers by sekondêre vakke, soos by geskiedenis (wat nie ’n omvangryke tegniese terminologie vereis nie), aangemoedig moes word om so spoedig moontlik ’n aanvang te maak met die gebruik van die moedertaal as medium by die onderwys van sodanige vakke.
- In onderwyskolleges moet die swart moedertaal as medium gebruik word vir vakke soos skoolorganisasie en -metode, kindersielkunde en daardie vakke wat deur middel van die moedertaal in die primêre skool onderrig word.
- Die eerste amptelike taal (die taal wat die meeste gebruik word in die omgewing van die skool) moet ingestel word in die tweede jaar van onderwys, as ’n vak en die tweede amptelike taal nie later as die vierde jaar nie. Die Eiselen-kommissie het nie bepaal watter van die twee amptelike tale vanaf die vyfde jaar as medium van onderrig gebruik moes word nie, maar in die praktyk is Engels oor die algemeen in die hoër klasse as medium en Afrikaans as vak aangewend (Helm 1979: 186; vgl ook Horrel 1963: 41).

- Een van die amptelike tale moet verpligte vakke wees in die sekondêre skool (met dieselfde vereistes as die wat van toepassing is vir wit leerlinge vir die tweede taal) en dat waar die tweede amptelike taal as keusevak gekies word, moet dit dieselfde status as die derde taal (Frans, Duits ens) geniet in die geval van wit leerlinge.
- Beide amptelike tale aan swart onderwyskolleges moet verpligtend wees (Hartshorne 1986: 90; vgl ook Helm 1979: 184-6; Behr & MacMillan 1971: 396-9, 410).

Aangesien die beginsel van moedertaalonderrig geleidelik uitgebrei word na standerds drie, vier, vyf en ses (soos die terminologie uitgebrei word) het die Eiselen-kommissie aanbeveel dat komitees aangestel word om terminologielyste saam te stel. Teen 1961 is hierdie terminologielyste in die sewe erkende Afrikatale vir al die vakke in die primêre skole voltooi (Behr & MacMillan 1971: 410; vgl ook Van Zyl 1971: 131, 132, 205; Horrel 1964: 68, 41; Van der Mescht 1965: 61-5). Van 1956 af is primêre skole in die groter stedelike gebiede op 'n etniese basis georganiseer om die verskillende taalgroepe te bedien (Horrel 1964: 60). Tot aan die einde van 1958 was alle standerd ses-vraestelle opgestel in albei amptelike tale en in die belangrikste Afrikatale. Vanaf 1959 moes die kandidate egter alle vraestelle, behalwe die in Afrikaans en Engels, in 'n Afrikataal beantwoord. Probleme in verband met terminologie het nog steeds die uitvoering van die moedertaalbeleid gestrem en die Departement het verskeie taalkommissies aangestel vir vakke in Xhosa, Zoeloe, Noord- en Suid-Sotho, Tswana, Tsonga en Venda. Twee verdere liggame, die Bantoe-taalraad en die Afdeling Taalnavorsing en -beplanning is in die lewe geroep om die uitbreiding en ontwikkeling van Afrikatale en die beskikbaarstelling van hand- en klaslesboeke in die Afrikatale ter wille te wees (Van der Mescht 1965: 256). Om moedertaalonderrig verder te vergemaklik, is uitgewers aangemoedig om handboeke vir alle primêre skoolvakke uit te gee in voorgemelde Afrikatale. In 1960 is 'n subsidieskema aangepak waarvolgens die Departement van Bantoe-onderwys onderneem het om 'n gewaarborgde kwota van goedgekeurde handboeke in Afrikatale van uitgewers aan te koop vir verspreiding onder skole en onderwysers. (Van Zyl 1972: 131, 132, 205, 206; vgl ook Behr & MacMillan 1971: 410; Helm 1979: 173).

Die Bantoe Onderwyswet nr 47 van 1953 het gestalte gegee aan die aanbevelings van die Eiselen-kommissie oor die toekomstige beheer van Bantoe-onderwys (Malherbe 1977: 548; vgl ook RGN 1981: 44, 45). Ten einde die oorskakelingsproses van beheer van die Provinsiale Administrasies na die Departement van Bantoe-onderwys (wat geresorteer het onder die destydse Departement van Bantoesake) te vergemaklik, is Bantoe-onderwys in 1954 as 'n subafdeling van die Departement van Naturellesake ingestel (Van Rensburg 1975: 7; vgl ook Malherbe 1977: 548; Rose & Tunmer 1975: 258; Van Zyl 1972: 145). Ten opsigte van Bantoe-onderwys is die Unie op 'n etniese basis in ses streke verdeel. Die Minister van Naturellesake het vanaf 1954 die omvangryke portefeulje, wat Naturellesake (Bantoesake) sowel as Bantoe-onderwys ingesluit het, behartig. Na die verkiesing van 1958 is die Departement van Naturellesake in twee volwaardige departemente verdeel, te wete die Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, en die Departement van Bantoe-onderwys. Om kontinuïteit en onderlinge skakeling te behou, sou elke departement onafhanklike status hê, maar sou dieselfde minister albei portefeuljes behartig (Van Zyl 1972: 75-7). Na 1961, dit is na Republiekwording, is die "wit gebiede" volgens die provinsies vir administratiewe doeleindes in vier verdeel, terwyl agt aparte onderwysdepartemente geskep is vir elkeen van die "Bantoe tuislande" (Van Rensburg 1975: 7).

Met die implementering van Wet nr 47 van 1953 is in die leerplan vir die laer primêre skool bepaal dat alle onderrig van 1954 af in substanderd A tot standerd twee deur medium van die moedertaal (vgl 1 voorafgaande) moet wees en sonder uitsondering is skole verplig om die moedertaal klas vir klas uit te brei, beginnende met standerd drie in 1956 deur tot standerd ses in 1959 toe die standerd ses openbare eksamen vir die eerste keer in een van die swart moedertale (in plaas van Engels) geskryf is. Intussen moes die helfte van die vakke wat nie deur medium van die Afrikataal onderrig word nie, deur medium van Afrikaans en die ander helfte deur medium van Engels gegee word. Die twee amptelike tale word reeds in sub A bekendgestel, maar leesonderrig neem 'n aanvang in die tweede kwartaal in sub B en skriftelike werk word eers vanaf standerd een gedoen. Waar die onmiddellike strewe in die laer primêre skool is om die hoogs moontlike getal leerlinge te leer om hul moedertaal te lees en skryf en om 'n

elementêre kennis van rekenkunde en die amptelike tale te verkry, is die mikpunt in die hoër primêre skool om die leerlinge 'n meer gevorderde begrip van hierdie vakke te gee. Die twee amptelike tale word op gelyke basis aangebied (Van Zyl 1972: 205, 194, 197; Helm 1979: 175; Van der Mescht 1965: 252; Coetzee 1958: 437-42).

Die leerplan vir die junior sekondêre skool is in 1957 opgestel en het voorsiening gemaak vir 'n driejarige kursus (vorms 1-3). Die vasgestelde leerplan bevat onder andere Afrikaans, Engels en 'n Afrika-taal as eksamenvakke. Die vorm 2-3 kursus word in die volgende vakke aangebied, elk wat 'n leerling toegang bied tot die Senior-Sertifikaat-kursus. Dit sluit onder andere in 'n Afrikataal en die twee amptelike tale. Godsdiensoonderrig, liggaamlike opvoeding, musiek en sang moet deur medium van die moedertaal onderrig word en alle vakke wat nie deur die Afrikataal doseer word nie, moet om die helfte deur medium van Afrikaans en Engels onderrig word. Vir die Senior Sertifikaat-leerplan is 'n Afrikataal in die hoër graad en die twee amptelike tale in die laer of hoër graad verpligtend. Tot 1962 moes swart kandidate Engels of Afrikaans op hoër graad slaag om te kwalifiseer vir matrikulasië-vrystelling. Dit was eers van 1963 af wat vrystelling verleen kon word aan swart leerlinge, wat hulle in staat gestel het om toelating tot 'n universiteit te verkry as hulle 'n Afrikataal in die hoër graad slaag of beide amptelike tale in die hoër- of standaard (B-graad) (Van Zyl 1972: 199-201; vgl ook Horrel 1964: 78; Van der Mescht 1965: 253).

Dié nuutgeskepte sentrale staatsdepartement wat (volgens Wet nr 47 van 1953) kontrole van Bantoe-onderwys van die provinsies en die sendinggenootskappe oorgeneem het, het 'n streng nasionale beleid neergelê waar byna geen uitsonderings (soos in die verlede wel gebeur het) toegelaat sou word nie. Tot nadeel van die Unieregering in die algemeen en die swart onderwys in die besonder:

[a] new spirit of doctrinaire inflexibility had [...] entered into a domain which had been treated flexibly in the past, and continued to require to be able to respond flexibly to varying socio-linguistic situations (Hartshorne 1986: 91).

Dié standpunt van die owerheid soos in 1954 verwoord deur die toenmalige Minister van Naturellesake, dr H F Verwoerd, was dat daar die strengste toesig moet wees oor die volle toepassing van taalregu-

lasies (Van Zyl 1972: 139; vgl ook Behr 1978: 171). Die Departement het sy onderneming dat Afrikaans “sy regmatige plek” as onderwys-medium by die onderrig van swart mense sou inneem, gestand gedoen. Slegs by wyse van uitsondering, volgens Omsendbrief nr 31 van 1959, sou vrystelling verleen word om Afrikaans nie as medium aan skole te onderrig nie (Helm 1979: 175). Die rigiede houding in die toepassing van die taalregulasies het die regering duur te staan gekom toe meer as twintig jaar later ’n opstand uitbreek het in swart skole wat tot ernstige gevolge in die onderwys in besonder en in die politieke situasie in die algemeen gelei het.

As argument teen kritiek en ten uitvoering van die taalbesluite in swart skole, kon die Unieregering betoog dat artikel 137 van die Suid-Afrika-wet van 1909 vereis het dat die twee amptelike tale (Afrikaans en Engels) gelyke behandeling ontvang. Om Afrikaans in swart skole uit te bou en te beskerm, het die NP-regering tog nie in alle aspekte al die aanbevelings van die Eiselen-kommissie in taalonderwys sou nageset nagevolg nie. So byvoorbeeld is sowel Afrikaans as Engels as verpligte vakke ingestel in die eerste jaar van skoolopleiding omdat die vrees bestaan het, dat indien die voorstelle van die Eiselen-verslag geïmplementeer word, Afrikaans deur onderwysers en gemeenskappe beskou kon word as die tweede amptelike taal en dit dus eers ingestel sou word in die vierde jaar van skoling. Sowel Afrikaans as Engels was verpligte vakke in die sekondêre skool omdat daar besef is dat, indien die voorstelle van die Eiselen-verslag nagevolg word, Engels eerder geneem sou word as vak en Afrikaans gedelegeer sou word tot die status van “derde taal”. Sowel Afrikaans as Engels moes as medium gebruik word wanneer moedertaalonderrig in die eerste jaar van die sekondêre skool geskied omdat die Unieregering besef het dat, indien daar ’n keuse tussen die twee tale bestaan, Engels nooit deur Afrikaans verplaas sou word nie (Hartshorne 1986: 91).

Alhoewel daar algemene ooreenstemming was dat die swart leerling sy onderwys ’n aanvang deur medium van sy moedertaal moet neem, was daar onenigheid oor die stadium waarop oorgeskakel moes word na die amptelike tale (Horrel 1964: 68). Swart mense het hulle, volgens Hartshorn (1986: 92) nooit vereenselwig met die uitbreiding van die swart moedertaal na standerd twee of die dubbelmediumbeleid in die sekondêre skool nie. Tog het die beginsel van moedertaalonder-

rig vanaf die twintigerjare in swart skole ondersteuning van kundiges, waaronder Edgar H Brookes en later H C M Fourie ontvang (Shingler 1973: 204, 258). Die verslag deur die United Nations Educational, Scientific, and Cultural Organization (Unesco) in die vyftigerjare het die beginsel op opvoedkundige gronde ondersteun. Unesco het verder betoog dat “the use of mother tongue be extended to as late a stage in education as possible” (Fourie 1980: 100). Alhoewel ’n beduidende aantal Derdewêreld nasies ook moedertaalonderrig ondersteun het (Chick *et al* 1986: 125), het die gebruik van die swart moedertaal (volgens die Uneso-verslag) tot die laatste stadium moontlik in die primêre swart skool, gelei tot teenstand, eerder op politieke as opvoedkundige beginsels. Daar is inderdaad daadwerklik gepoog om die gebruik van die swart moedertaal af te skaal net tot die eerste vier jaar of minder in die primêre skool van die swart leerling (Fourie 1980: 101). Tot 1976 was die kwessie van die gebruik van die swart moedertaal die vaandel waaronder opposisie-geledere teen Bantoe-onderwys hul geskaar het.

Dié verslag van die Verenigde Volke-organisasie (VVO) in 1953 het egter ook bevind dat die agterstand van ten minste twee jaar wat die swart leerling in dieselfde ouderdomsgroep teenoor die wit leerling op daardie stadium ondervind het, toe te skryf was aan die taalprobleem.

It must be borne in mind that when the young Bantus first attend primary school, they speak only their native language [...] In accordance with the methods and practice now accepted in all countries of the world, the language of instruction of these children in the South African schools is their mother-tongue. The time soon comes, when they must learn Afrikaans or English or even some rudiments of both. Even if these children have a gift for languages, [...] the great effort of memorizing and assimilating contributes in no small measure to their position [...] (Helm 1979: 191).

Die gelyktydige invoer en gebruik van Engels en Afrikaans as onderrigmedia, het in die praktyk beteken dat die swart kind reeds vanaf substanderd B en aan die begin van die sekondêre skoolfase naas die moedertaal met twee vreemdetaal-media gekonfronteer is met onderwysers wat in die meeste gevalle hierdie tale, veral Engels, nie behoorlik beheers het nie (Helm 1979: 175; vgl ook Horrel 1964: 64). Van verskeie kante is besware geopper teen die gebruik van ’n

Afrikataal as medium van onderrig bokant standerd twee-vlak. Die All-In-konferensie in 1956 het tot die slotsom geraak dat

[m]other-tongue instruction would have the effect of reducing the horizons of Africans, cramping them intellectually within the narrow bounds of tribal society and diminishing the opportunity of inter-communication between the African groups themselves and also with the wider world in general of which they form a part (Van Zyl 1972: vgl ook Horrel 1964: 68).

Twee jaar later het die Instituut vir Rasse-aangeleenthede sy besorgheid uitgespreek oor die vroeë invoering van beide amptelike tale in die swart skole, asook die gebruik van die moedertaal as medium deur die hele primêre skool (Horrel 1964: 65, 66). Daar was reeds ernstige onrus en demonstrasies oor die taalinstellings in die Transkei en ander gebiede voor en na Republiekwording in 1961 (Horrel 1964: 108). Aangesien die Cingokommissie (1963) wat taalomstandighede in die Transkei moes ondersoek, buite die bestek van dié ondersoek val, kan slegs vermeld word dat dit besware teen die gebruik van die Afrikataal as medium van onderrig in die primêre skool aangestip het (Van Zyl 1972: 241; vir 'n volledige uiteensetting van die Cingo-verslag vgl Van der Mescht 1965: 25972). Sedert 1963 is die owerhede van die selfregerende swart state (tuislande) in SA toegelaat om later elk sy eie voertaalbeleid vir primêre en sekondêre skole te implementeer (Helm 1979: 175).

In die praktyk is godsdiens en gesondheid deur middel van Zoeloe in Natal tot standerd vier onderrig. In Transvaal is hierdie twee vakke deur middel van die moedertaal bo standerd twee onderrig. In Natal, die Kaapprovinsie en Transvaal was die medium van onderrig in die hoër klasse oor die algemeen Engels, terwyl Afrikaans as 'n vak aangebied is. Die Vrystaatse Onderwysdepartement het die swart moedertaal as die medium van onderrig tot en met standerd vier gebruik en het sterk aanbeveel dat dit in standerd vyf en ses ook gebruik word. In hierdie hoër klasse is die helfte van die vakke wat nie deur die moedertaal onderrig is nie deur die medium van Engels onderrig en die ander helfte deur medium van Afrikaans (Horrel 1963: 41, 42).

Bruin- en Indiëronderwys is nie in dieselfde mate as swartonderwys herstruktureer nie. Daar was egter 'n betekenisvolle verskuiwing in die beleid van die medium van onderrig in "gekleurde" (bruin)

onderwys. In 1936 het 42 000 bruin leerlinge hul onderrig deur medium van Afrikaans ontvang, 16 5000 in Engels en 20 000 deur medium van beide tale. Sodat drie dekades later onder NP-regering, het die groot meerderheid bruin leerlinge hul onderrig deur medium van slegs Afrikaans ontvang, weinig deur Engels en amper geen leerlinge deur medium van beide amptelike tale nie (Malherbe 1977: 111). Anders as in swart onderwys waar die leerlinggetalle nie tred gehou het met die finansiële uitawes nie, is die finansiële insette vir bruin leerlinge aansienlik verhoog. Dit het die kwaliteit van bruin onderwys betekenisvol verbeter. Die leerlinggetalle in bruin skole het tussen 1946 en 1953 byvoorbeeld met 'n kwart vermeerder en die van die onderwysers met die helfte. Dié neiging is in skole vir Indiërs gedupliseer (Giliomee 2003: 510).

In die Kaapprovinsie was die meeste skole vir bruin mense nog deur die verskillende kerkgenootskappe bestuur. In dié provinsie, soos reeds vermeld, is bruin mense, Indiërs en Maleiers in dieselfde skole opgeneem. In 'n verslag van die M C Botha-kommissie van 1954 wat moes ondersoek instel na bruin onderwys, is onder andere aanbeveel dat “korreksies gedoen word van die voertaal van leerlinge waar dit verkeerd is”. In 1958 is die afdeling, Kleurlingsake tot 'n volwaardige Departement van Kleurlingsake, onder die Minister van Binne-landse Sake van die Unieregering omskep (Van Schalkwyk 1983: 140; vgl ook Coetzee 1958: 443, 445). Twee jaar na Republiekwording, in 1963, het die destydse Departement van Kleurlingsake van die regering van die RSA beheer oor alle onderwys vir bruin mense oorgeneem kragtens die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet nr 47 van 1963) (RGN 1981: 39; vgl ook Du Toit 1975: 145). In die na-oorlogse jare het bruin onderwys wat gewoonlik in die Vrystaat gegroep is onder swart onderwys onder die Departement van Onderwys te staan gekom (Coetzee 1958: 446). Die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie het in 1951 aanbeveel dat daar meer tyd vir bruin leerlinge ingeruim word in die skole om die taal as medium van onderrig en as vak op dieselfde standaard as wit leerlinge te bring (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 356, 365).

Alhoewel dit die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement was om aparte skole te stig vir bruin mense en Indiërs, het dit in die praktyk moeilik geblyk (Coetzee 1958: 445). Die NP-regering het

nie tot dieselfde uiterstes gegaan om bruin en Indiër onderwys te her-skep nie. Daar was nogtans 'n duidelike verskuiwing in die beleid van die medium van onderrig in bruin skole. Teen 1936 is ongeveer 42 000 bruin leerlinge deur medium van Afrikaans onderrig, 16 500 deur medium van Engels en 20 000 in beide tale. In die eerste dekade van die Republiek was die meeste van die bruin leerlinge deur medium van Afrikaans onderrig, weinig deur medium van Engels en amper geen leerlinge deur albei mediums nie (Malherbe 1977: 111).

6.6 Opleiding van onderwysers

6.6.1 Wit onderwysers

Die gebrek aan wit onderwysers wat bekwaam was om albei amptelike tale te onderrig, het die dubbelmediumonderrig beleid wat deur die Parlement verorden is, moeilik gemaak om te implementeer (Malherbe 1977: 108). Die gebruik van die tweede taal as medium het nie net gaandeweg vanaf die veertigerjare in die geval van leerlinge nie, maar ook ten opsigte van onderwysers verswak (Coetzee 1952: 101). In die Kaapprovinsie is bevind dat die persentasie onderwysers wat taalbevoeg was om in beide amptelike tale op die hoër graad te onderrig, van 24% in 1947 verminder het tot 16% in 1953 (Malherbe 1970: 108). Volgens Ordonnansie nr 20 van 1956 (artikel 73(1)) moes sowel Afrikaans as Engels in die kursusse en eksamens vir algemene onderwysertifikate ingesluit word. Daar is 'n eksamen in 'n hoër graad, 'n toets in die onderrig van 'n klas in enige van die vakke van die primêre skoolkursus wat deur die Departement voorgeskryf is en 'n eksamen in 'n laer graad. Dié Ordonnansie bepaal dat elke onderwyskandidaat vir so 'n sertifikaat in beide amptelike tale slaag en in minstens een van genoemde tale in die hoër graad (artikel 73(2)). Volgens dié Ordonnansie is bepaal dat voorsiening vir die gebruik van beide amptelike tale as mediums van onderrig (artikel 75) aan elke opleidingskollege gemaak word (Provinsie Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Raad 1956: 63). Teen 1957 was daar weinig verbetering in die tweetaligheidvaardigheid van onderwysers: 'n addisionele dosent aan elke onderwyskollege is toegestaan om deur meer intensiewe onderrig in die tweede taal en deur meer individuele aandag aan studente, te probeer om die peil van tweetaligheid te verbeter (Du Toit 1970: 128).

Onderwyskolleges het in opdrag van die Departement 'n dubbelmediumbeleid ingestel sodat die tweede taal nie net as vak nie, maar ook as onderrig- en kommunikasie-instrument kan dien (Malherbe 1977: 108).

In die Vrystaat was Afrikaans die enigste medium van onderrig aan wit onderwyskolleges en Engels is onderrig net as vak. In dié provinsie het slegs 5.8% van onderwysers wat Engels as vak doseer het Engels as moedertaal gehad en slegs 18.0% het Engels in die huis gehoor (Malherbe 1977: 117, 108).

Alle wit onderwysers in openbare skole in Transvaal moes volgens departementele eise 'n sertifikaat van tweetaligheid besit om die volle regte van 'n onderwyser te geniet (Coetzee 1952: 101). Uit 'n ondersoek van die Education Research Bureau in 1956 het dit nogtans geblyk dat in Transvaal die taalvermoë van onderwysers wat Engels doseer het, agteruit gegaan het. Dit kan, volgens Malherbe (1977: 118), toegeskryf word aan die feit dat die meeste van die onderwysers in eentalige skole geïsoleer was. Dit was veral die dosering van Engels wat hierdeur benadeel is. Uit elke honderd onderwysers wat Engels doseer, is bevind dat net 14.8% Engels as moedertaal het, terwyl onderwysers wat Afrikaans doseer, 70% Afrikaans as moedertaal gehad het (Malherbe 1977: 117). Vanaf die vyftigerjare sou tweetalige onderwysers met indienstreding 'n geldelike bonus toegeken word. Daar is reeds aangetoon dat die Uitvoerende Komitee van Transvaal tweetalige merietegevalle onder leerlinge geldelik aangespoor het om na standerd tien na 'n onderwyskollege te gaan (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 318, 319; Malherbe 1977: 112; Pells 1954: 128).¹

In Natal weer het 49.6% Afrikaanssprekende onderwysers Afrikaans aan Engelssprekende leerlinge doseer. In hierdie provinsie was net 40% van onderwysers in die primêre skool in staat om vakke deur middel van beide mediums te onderrig (Malherbe 1977: 117). Die verpligte dubbelmedium-klausules wat uitgelaat is uit Ordonnansie nr 10 van 1950 was volgens Malherbe (1977: 108) verantwoordelik daarvoor dat die gebruik van die tweede taal (Afrikaans) as medium van onderrig gaandeweg in onderwyskolleges in Natal afgeneem het

1 Natal het reeds sedert die twintigerjare van dié metode gebruik gemaak (Malherbe 1977: 112, 108; vgl ook Pells 1954: 128).

in die vyftigerjare. Van 1951 af is verpligte parallelmediumklasse aan die Natalse Onderwyskollege ingestel terwyl suiwer Afrikaansmediumklasse twee jaar later in Durban se onderwyskollege ingestel is waarmee gehoop is om die tekort aan onderwysers van Afrikaans as tweede taal die hoof te bied (Coetzee 1958: 245, 246; vgl ook Malherbe 1977: 92, 96, 97). 'n Tweede onderwyskollege in Durban is in die laat vyftigerjare (1957) gestig met Afrikaans as medium van onderrig (Coetzee 1958: 242)

Onder die Unieregering het al meer Afrikaansspreekende onderwysers, veral vanaf die dertiger- tot die sestigerjare, stelselmatig die taak van die onderwys oorgeneem, 'n neiging wat in die jare daarna voortgeduur het. In 1963, twee jaar na Republiekwording, het Afrikaansspreekende onderwysers byvoorbeeld 74.1% van die onderwyserskorps uitgemaak. Op plattelandse skole was dit 91.4%, in dorpskole 86.1% en in stadskole 60,8%. Dit het die aanleer van die amptelike tale, en veral die agteruitgang van Engels, wesentlik beïnvloed (Malherbe 1977: 117-9).

6.6.2 Swart onderwysers

Daar is reeds aangedui (vgl 5.7.2) dat die Eiselen-kommissie onder andere aanbeveel het dat die staat alle verantwoordelikheid vir die opleiding van swart onderwysers oorneem. Volgens Wet nr 47 van 1953 sou dit ressorteer onder die Minister van Naturellesake, dr H F Verwoerd. Met die oornome van Bantoe-onderwys deur die staat, is alle opleidingsskole (kolleges), behalwe die inrigtings van die Rooms-Katolieke Kerk en die Sewendedag Adventiste, onder die sorg van die Departement van Bantoe-onderwys geplaas. Ander onderwyskolleges in "wit" gebiede is gesluit en heropen saam met nuwes onder hulle kontrole (Van Zyl 1972: 216; vgl ook Horrel 1964: 117).

Beide amptelike tale was verpligtend aan swart onderwyskolleges (Hartshorne 1986: 90), terwyl die helfte van die professionele vakke deur medium van Afrikaans en die ander helfte deur medium van Engels aangebied is. Ander vakke, byvoorbeeld metodiëkvakke, is deur medium van die moedertaal gedoseer. Proeflesse wat deur leerlingonderwysers gegee is, moes in die betrokke Afrikataal waargeneem word ooreenkomstig die vereistes van die leerplanne vir die laer en hoër primêre skole. Waar hierdie beginsels weens gebrek aan taalbevoegde

personeel nie toegepas kan word nie, kan op aanbeveling van die Streekdirekteur toestemming van die Departement verkry word om daarvan af te wyk. Toestemming hiervoor word egter slegs toegestaan op voorwaarde dat die aanvaarde terminologie in die Afrikatale vir die bepaalde vak nietemin bestudeer word. Van wit personeellede aan swart opleidingskolleges is verwag dat hulle onderleg moes wees met die terminologielyste en sou poog om hulle gaandeweg te bekwaam vir die toepassing van onderrig deur die betrokke Afrikataal (Van der Mescht 1965: 253).

Die Bantoe Onderwyswet (nr 47 van 1953), wat gebaseer is op die aanbeveling van die Eiselen-kommissie, is streng toegepas. Die uitgangspunt van die Unieregering was dat dit nie net die swart moedertaal is wat ontwikkel moes word nie, maar dat Afrikaans tot sy reg moet kom en dat die invloed van Engels verminder moes word. Afrikaans as een van die amptelike tale sou voortaan sy regmatige plek in swart opleidingskolleges inneem, ook in die provinsies waar dit voorheen nie tot sy reg gekom het nie (Rose & Tunmer 1975: 262-4). Een van die eerste stappe wat geneem is, was die instelling van Afrikaans as 'n vak in die swart opleidingskolleges van Natal (waar dit voorheen nie die geval was nie) en instruksies dat dit verpligtend moet wees in die Kaapprovinsie (waar dit voorheen opsioneel was). Diensdoende onderwysers het opdrag gekry om binne vyf jaar Afrikaans onder die knie te kry, en spesiale onderwyskolleges is in Transkei gestig om intensiewe taalkursusse vir onderwysers aan te bied. Gaandeweg het die vernaamste onderwysinstellings wat voorheen aan die sendinggenootskappe behoort het en wat nie gesluit is tydens die oorgang na staatskontrole nie, volgens Hartshorne (1986: 90, 91) onder die beheer van wit Afrikaner Nasionalistiese beginsels en onderwysers gekom. Daardeur het Afrikaans spoedig die dominante taal in swart onderwys geword, veral op die vlak van bestuur, kontrole, administrasie en by die opleiding van onderwysers. Swart onderwysers wat gelykwaardige onderwys verlang het, het heftig gekant gebly teen die bevindinge van die Eiselen-kommissie en Wet nr 47 van 1953 (Rose & Tunmer 1975: 262-4).

Ordonnansie nr 20 van 1956 (artikel 137(1)) het bepaal dat sowel Afrikaans as Engels ingesluit word in die kursusse en eksamens vir algemene onderwysersertifikate vir bruin mense in die Kaapprovinsie.

Daar is in elk van die amptelike tale 'n eksamen in 'n hoër graad, 'n toets in die onderrig van 'n klas in enige van die vakke van die primêre skoolkursus en 'n eksamen in 'n laer graad. Elke onderwyskandidaat vir so 'n sertifikaat (artikel 137(2)) moet in albei amptelike tale slaag, en in minstens een van die genoemde tale in die hoër graad (Onderwysordonnansie 1956: 123). Teen 1958 het die opleiding van bruin onderwysers in die Kaapprovinsie geskied op sektariese onderwyskolleges wat 'n uitvloeisel was van sendingskole vir bruin mense. Engels en Afrikaans was verpligtend vir "Kleurlingonderwysertifikate". Transvaalse bruin onderwysers het (reeds sedert 1925) dieselfde eksamens, waarin beide amptelike tale vereis word en wat dieselfde kursus is wat deur die Onderwysdepartement van die Kaapprovinsie voorgeskryf is, gevolg (Coetzee 1958: 449, 445, 453; vgl ook Du Toit 1975: 144). In 1958 het die Professionele Eksamenkomitee die leerplanne in bruin onderwyskolleges hersien. Daar is besluit dat meer klem onder andere op kennis van die twee amptelike tale gelê moet word. Die nuwe leerplanne is vanaf 1959 verpligtend gemaak (Du Toit 1975: 145).